





Die



VIERDE JAARGANG.

WOENSDAG, 10 JANUARIE 1945.

No. 7.

# Ons Parlementêre Front

Die Ossewabrandwag glo nie dat die stem en die kruisie, die party-politiek of die parlement, ons volk se toekomsheid kan verseker nie. Die nodige veranderinge is te groot om op die maklike maniere van die stembus en die praathuis tot stand te kan kom.

Maar die Ossewabrandwag glo wel dat as ons volk sy stemkrag verenig gebruik, hy daardeur sy eie eenheid sal versterk en vordering kan maak tot afskaffing van die parlement en skepping van ons eie vrye volkstaat van orde en geregtigheid, waarin die volkstem eindelijk weer suiwer tot openbaring sal kan kom.

## VERENIGDE STEMMAKSIE

Daarom het die Ossewabrandwag al baie male die volk en die party-leiers opgeroep om 'n verenigde stemaksie op tou te sit en met die mag van eendrag die kapitalistiese en imperialistiese parlementêre stelsel uit sy voete te lig.

Aan hierdie oproep is nie gehoor gegene nie, maar intendeel is dit deurgaans beantwoord met die party-politieke uitkopbeleid waarvan ons kort gelede weer 'n afstootlike voorbeeld beleef het, en wel met die voorwendsel dat dit nou gedoen word omdat die O.B. self 'n party geword het.

Nou eindelijk het die Ossewabrandwag dus besluit om self 'n parlementêre front in die lewe te roep, d.w.s. om leiding te neem tot vereniging van ons volk se stemkrag met die doel om die ou stelsel 'n uitklophou toe te dien op sy eie terrein.

## UITNODIGING OM SAAM TE WERK

Die Ossewabrandwag nooi nou self al die volksgesinde politieke leiers en volgelinge in die Afrikanerdom om saam met hom te kom gesels oor samewerking by komende verkiesinge, net maar samewerking, nie samesmelting of selfmoord nie.

Dit kan ook wees dat die leiding van die Ossewabrandwag nog sal besluit om daardie leiers een vir een uit te nooi, as hulle nie op 'n algemene en gesamentlike uitnodiging wil antwoord nie.

## EENHEIDSLEIDING

En as hulle selfs so nie wil saamwerk nie, dan sal die Ossewabrandwag noodgedwonge self die noodsaaklike eenheidsleiding aan die volk gee.

Hy verkies egter om gesamentlik oor die saak te beraadslaag met verteenwoordigers van alle goedgesinde groepe voordat die wyse van optrede in besonderhede bepaal word, en sal dus nie nou al probeer vasstel wat presies gedoen moet word nie.

## GEEN POLITIEKE PARTY

Tog staan 'n paar dinge hierom-

trent nou reeds heeltemal vas, naamlik:

In die eerste plek dit dat die Ossewabrandwag nie daaraan dink om 'n party te skep of te word of om mense te betrek in 'n nuwe eksklusiewe politieke organisasie nie.

Ten tweede dat hy wel daartoe sal meewerk om eenheidsleiding tot stand te bring aan die parlementêre front.

Ten derde dat sy lede in die toekoms nie meer onbearbeid gelaat sal word nie om volgens die leiding — of misleiding — van teenstanders van die Volksfront te stem nie, maar dat hulle hul stemkrag agter die eenheidsleiding van die O.B. sal moet inskakel volgens bevind van sake.

## HOOFSAK BLY DIE TOEKOMS-STAAT

In die vierde plek, dat dit vir die Ossewabrandwag daarby van geen belang is wat van enige party of alle partye gaan word nie, maar wel hoe sy optrede die volkstoeke sal beïnvloed.

En eindelijk dat in elk geval die stem, die kruisie, die parlement met sy eleksies en politiek vir die Ossewabrandwag bysaak is, omdat die hoofsaak vir hom is en bly om op alle moontlike en onmoontlike maniere daardie langverwagte toekomsstaat voor te berei waarin die Afrikanerdom met insluiting van al diegene wat nog Afrikaners gaan word, alleen en verenig sy stemreg sal uitoefen om sy volkshoof te bekragtig as staatshoof van Suid-Afrika en President van sy Christelik-nasionale en -sosiale Republiek, met die nodige mag en gesag vir vryheid, orde, welvaart en geregtigheid, volgens sy omvattende en verenigde leuse:

My God, my volk,  
my land, Suid-Afrika!

## NOOD-HULP

Die vyfjarige seuntjie van Komdte. T. L. Steyn, Verlorenvlei, P.K. Dullstroom, het met behulp van sy kalfertjie bene bymekaargemaak en verkoop vir die Noodhulpfonds. Op hierdie manier het hy £1-3-0 ingesamel om, soos hy sê, kos te koop vir die kindertjies, wie se Pappies Oom Jannie agter die doringdraad vaskeer.

# 'n Hand Vol Probleme. — Geen Oplossing

Onlangs het die Regeringsparty kongres gehou op Bloemfontein.

Die leier van die party en die Eerste Minister van ons land het gepraat.

Die Suiderstem, een van veldm. Smuts se lyforgane, sê: „Hy het verwys na die groot vraagstukke van demobilisasie, nywerheidsontwikkeling, uitbreiding van na-oorlogse verbindings, voeding, behuising en opvoeding, opheffing van die nie-blanke, kortom, die hele maatskaplik-ekonomiese trek wat ons ervaar, asook die finansiële verpligtinge wat bestaansveiligheid sal meebring”.

Dat veldm. Smuts oor hierdie probleme gepraat het, is nie vreemd nie. Want net waarheen ons volk vandag sy oë wend, sien hy probleme. Maar die volk wil graag iets hoor oor die oplossing van hierdie probleme. Die volk wil hê dat 'n plan aan die hand gedoen sal word.

Maar veldm. Smuts het oënskynlik geen PLAN nie. Hy het net 'n imposante lys probleme in die hand wat deur sy gekose komitees, deskundiges en amptenare aan hom voorgelê is en waaraan blykbaar nog daagliks toegevoeg word.

Hy sê aan die volk oor hierdie probleme: Wees geduldig; wees optimisties; werk hard.

Aan die debietkant het die volk 'n ontugterende en steeds aangroeiende probleme-las. Aan die kredietkant 'n paar gemeenplase: geduld, optimisme en harde werk.

Dis 'n skokkende en byna ongeloofbare toedrag van sake.

Hierdie oorlog, net soos sy voorganger was, is 'n kapitalistiese omwenteling. Dis 'n uitbarsting as gevolg van die mislukking en onmenslikheid van 'n stelsel, nl. die kapitalistiese en dit word al hoe meer 'n waarneembare revolusie daarteen.

'n Heersende stel van waardes en waardebegrippe, nl. die liberaal-kapitalistiese en -demokratiese, wat uitgeloop het op 'n bepaalde lewenshouding en leefwyse, nl. die vryheid om uit te buit en te mislei, is besig om ineen te stort. Dwaarsoor die hele wêreld is hierdie intuïemeling aan die gang.

In Suid-Afrika sit ons volk ook met die nalatenskap van hierdie stelsel, nl. onopgeloste probleme.

Hierdie probleme kan alleen opgelos word deur die aanwending van 'n nuwe stel waardes en waardebegrippe en die aanvaarding van 'n nuwe lewenshouding en leefwyse.

Nie lapwerk nie, maar 'n totale nuwe stelsel is nodig.

Ons wil 'n Eenheidsvolkstaat hê, beklee met die nodige gesag om te kan DOEN vir die volk.

As uitgangspunt moet hierdie staat aanvaar 'n Nasionalisme wat die materiële belange van die volkslede sal bevorder en 'n Sosialisme wat die geestelike waardes van die volk kan waardeer.

# „Diens!

Sal di Wagwoord wees!”

- Die Direksie van Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk het genoeë om aan te kondig dat hulle op 1 Februarie 'n Boekhandel te Stellenbosch open.

ALLE AFRIKAANSE ROMANS EN ANDER BOEKE  
WAT VERSKYN, ASOOK ENGELSE EN AMERI-  
KAANSE BOEKE IS BY HULLE VERKRYGBAAR

Al die uitgawes van Pro Ecclesia-  
Drukkery sal nou deur hulle  
versprei word.

BESTEL NOU REEDS VAN

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Posbus 29 — Pleinstraat  
STELLENBOSCH

ONS STAAN  
IN DIENS VAN  
DIE BOEREVOLK  
VIR ALLES

**SONOP**

DIE WINKEL  
MET 'N IDEEAL

**MARKAGENTSAP  
VROEE MORE-MARK  
KAAPSTAD**

BETALING GESKIED ONMIDDEL  
LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS  
OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

**MINNAAR & VAN SCHOOR**

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-3212.

**Schoemanello Drank....**  
VIR KWALITEIT EN TEVREDEN-  
HEID DIE GOODKOOPSTE

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          | Per Bottel van 1 tot<br>12 in 12-bottel kasse. | Per Gelling in vaatties<br>van 5 gell. of meer. |
|------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------|-------------------------------------------------|
| <b>WYNE:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                             |                                                |                                                 |
| Fonkelwyn .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          | 7/-                                            | —                                               |
| Lewenswyn .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          | 3/9                                            | —                                               |
| Vermouth .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           | 3/-                                            | —                                               |
| Hanekraal — Cocktail .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               | 4/-                                            | —                                               |
| <b>SOET WYNE:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        |                                                |                                                 |
| Likewyn en Ou Port .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | 2/6                                            | 11/-                                            |
| Ou Wit Port en Sauterne .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | 2/6                                            | —                                               |
| Port, Rood Soet Muskadel, Wit<br>Soet Muskadel .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | 1/8                                            | 8/-                                             |
| Jeripigo, Rood en Wit .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              | 1/9                                            | 8/8                                             |
| Worcester Hock en Pontak .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           | 1/7                                            | 7/6                                             |
| <b>SJERRIES:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |                                                |                                                 |
| Amontellado (Droë), Kimberley<br>Klub (Droë), Ou Bruin (Soete-<br>rig), Ou Oloroso (Soet), .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         | 2/9                                            | —                                               |
| Goue (Soet) .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        | 2/6                                            | 10/-                                            |
| Spesiale (Soeterig) .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                | 1/6                                            | 7/3                                             |
| Sjerrie (Soeterig) .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | 1/5                                            | 6/9                                             |
| <b>DROE WYNE:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        |                                                |                                                 |
| Burgundy .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           | 1/9                                            | —                                               |
| Claret en Wit Droë .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | 1/6                                            | —                                               |
| <b>BRANDEWYNE:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                       |                                                |                                                 |
| Super de Luxe .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      | 8/6                                            | —                                               |
| De Luxe .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | 7/6                                            | 39/-                                            |
| Ekstra Spesiaal .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    | 7/-                                            | 37/-                                            |
| F.C. .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               | 6/6                                            | 36/-                                            |
| Buchu .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                              | 7/6                                            | —                                               |
| <b>JENEWER</b> .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |                                                |                                                 |
| 7/6                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      | —                                              | —                                               |
| <b>LIKEURS:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |                                                |                                                 |
| Creme de Cacao .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     | 7/6                                            | —                                               |
| Goue Manderin, Curacao, Kum-<br>mel, Plesang, Perske, Appelkoes<br>Naeltjie .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                        | 7/-                                            | —                                               |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen,<br>Van der Hum, Peperment .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                            | 6/6                                            | 34/-                                            |
| <b>JENEWER-LIKEURS:</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |                                                |                                                 |
| Lemoen en Suurlemoen .....                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               | 7/6                                            | —                                               |
| 6% of 1/- per 8 afslag wanneer Kontant met<br>Bestelling gestuur word.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |                                                |                                                 |
| Voeg by 5/- vir kasse en bottels, en 15/-<br>vir vaattjie wat vergoed sal word by terug-<br>sending. Ons lewer drank in ons inhouers<br>solang ons voorrade van inhouers het, en<br>sleëlik op voorwaarde dat die inhouers binne<br>sestig dae aan ons terug besorg word. Weens<br>bottel skaarste kan ons slegs in ons eie<br>bottels, kasse drank verpak, waar sulke<br>drank 'n minimum prys van 21-5-0 behoort (5/-<br>vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kasse<br>drank verlang word moet u u eie inhouers aan<br>ons stuur. |                                                |                                                 |
| Word verkoop in 12-bottel-kasse of 5-gel-<br>lingvaatties of groter. U kasse van 12 bot-<br>tel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur,<br>Vermouth en Hanekraal bevat. Terme: —<br>K.M.B. plus trekgeld na syllyn, K.B.A. plus<br>trekinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.                                                                                                                                                                                                                                                                      |                                                |                                                 |
| Bestel van                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |                                                |                                                 |
| <b>JURGENS SCHOEMAN,</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |                                                |                                                 |
| POSBUS 142, — OUDTSHOORN.                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |                                                |                                                 |

# Churchill het sy Elas-Opstand — Smuts sy Alexandra-Busboikot

In 'n vorige uitgawe het ons die  
aandag van ons lesers gevestig op  
die kommuniste se plan om 'n s.g.  
„Volksfront” in ons land te stig, wat  
moet bestaan uit blanke en gekleurde  
„progressiewes” (watter sondes moet  
hierdie drogwoord nie almal bedek  
nie).

By geleentheid van hul jongste kon-  
gres het die kommuniste hul plan 'n  
entjie verder gevoer. Die kongres het  
nl. aan die hoofbestuur van die party  
opdrag gegee „om binne ses maande  
'n konferensie byeen te roep waar  
die Kommunistiese en die Arbeiders-  
party, vakbonde, verenigings van nie-  
blankes, en alle „progressiewe” groe-  
pe verteenwoordig sal word”. Binne  
ses maande wil die kommuniste dus  
hul „Volksfront”-plan werklikheid  
maak.

## DIE PROGRESSIEWES

'n Mens mag vra: wie is dan eintlik  
die „progressiewes” wat saam met  
die Kommuniste, die Arbeidersparty  
en die vakbonde tot die „Volksfront”  
moet toetree? Die antwoord is dat dit  
die lede van die gecamoufleerde kom-  
munistiese organisasies is. Hierdie  
onder-die-kombers kommuniste en  
hul organisasies poseer as baie meer  
ordentlik en liberaal as die Kommu-  
nistiese Party self. En tot so'n  
„Volksfront” moet hulle die element  
van „onskadelikheid” bydra. As voor-  
beelde van dergelike organisasies kan  
van links na regs geld: The Friends  
of the Soviet Union, Die Springbok-  
Legioen, en die League for Right and  
Justice.

Uit dit alles blyk dat die kommuni-  
ste tans besig is om sy verskillende  
ramifikasies in ons land in een orga-  
nisatoriese bondel vas te bind. Hulle  
ag die tyd oënskynlik ryp om bloed-  
rooi, ligrooi en pink, die openlikes en  
die onder-die-kombers-oes, almal in  
een front saam te gooi.

## IN DIE LOKASIES

Op hul Kaapstadse kongres het die  
Hoofbestuur dan ook verduidelik dat  
die krag van die party in die lokasies  
lê. Die kern van die „Volksfront” is  
dan die volkies en die meide van die  
stadslukasies en — so spog die kom-  
muniste — ook van die dorpslokasies.  
Dit is die klei in die hande van die  
godellose pottebakker. Die gruwelike  
verraad van die kommuniste teenoor  
Suid-Afrika lê hierin, dat hulle agi-  
tators die nie-blankes oprui teen die  
blankes; dat hulle aan die nie-blanke  
geen nasionale ideeal voorhou nie;  
maar hulle eenvoudig met haat op-  
blaas teen die blankes — en blank  
en nie-blank moet tog in Suid-Afrika  
saamleef.

## DEFTIGE SOMERSHOEDE in groot verskeidenheid



Parow se Moderne  
DAMESMODISTE  
Voortrekkerweg — PAROW

Die Kommunistiese Party het  
nou besluit dat hul nuutste agi-  
tasie-veld die nie-blanke soldate  
in die leër sal wees. Hierdie be-  
sluit is nogal geneem op voorstel  
van 'n Joodse afgevaardigde!

Owerigens het die kongres besluit,  
op 'n wenk van die meesters uit Mos-  
kou, om voor te stel dat die verskil-  
lende „nasionale Volksfronte” inter-  
nasionaal saamgeskakel moet word.

## DIE KOLOS SE SKADUWEE

So kom die kommunisme, in Europa  
en..... in Suid-Afrika.

In Europa het Churchill sy Elas-  
opstand in Griekeland; in Suid-Afrika  
het veldmaarskalk Smuts die Alexan-  
dra busboikot.

Alhoewel dit lyk asof hierdie twee  
sake met mekaar geen verband het  
nie — 'n opstand in Griekeland en 'n  
busboikot op Johannesburg — is dit  
tog nie so nie. In die laat namiddag  
van die oorlog val die skaduwee van  
die „Kolos” reeds onheilspellend oor  
Suid-Afrika.

Die Eerste Minister van die „magti-  
ge” Britse Ryk moes met Kersfees na

Griekeland om met 'n klomp astrante  
rampokkers te gaan onderhandel.  
A ja, hy moes, want hierdie astrante  
rampokkers is sy bondgenoot Stalin  
se mense

## DIE BUS-BOIKOT

Naturelle van Alexandra, naby Jo-  
hannesburg, weier om die gevraagde  
busgeld na die stad te betaal. Hulle  
ry liever op vragmotors, en betaal  
so buitensporig daarvoor, dat eienaars  
tot £20 per dag invorder. Onder aan-  
sporing van kommunistiese agitators  
tart hulle die owerheid nodeloos uit.

Van die Stadsraad van Johannes-  
burg se pogings, in oorlog met die  
Regering en die Padvervoerraad, neem  
die naturelle, wat onder kommuniste  
aanhitsing staan, geen notisie  
nie.

Intussen ontwikkel 'n kwaai kleur-  
haat en chaos laai op.

Waarom laat die regering hierdie  
naturelle en hul kommunistiese aan-  
hitters toe om puur verniet, sonder  
'n saak, so tekere te gaan, en die  
owerheid so astrant uit te tart? Is dit  
omdat hulle Stalin, ons bondgenoot,  
se mense is?

Suid-Afrika kan nie toelaat dat, wat  
se bondgenoot se mense ook al, ge-  
durig haat en nyd teen die witman in  
ons land preek nie. Dit moet end kry.

# DIE ARBEIDERSPARTY HET SY ROEPING VERRAAI

Dit lyk asof sekere kringe in die  
Arbeidersparty nou begin benoud en  
bang raak vir die donker skaduwee  
wat hulle, saam met die Verenigde  
Party, gedurende die bitter oorlogs-  
jare oor Suid-Afrika gegooi het.

Die Arbeidersparty het sy roeping  
skandelik verraa! toe hy met die uit-  
breek van die oorlog onderdanig en  
onvoorwaardelik sy steun — ja, sy  
hele steun — aan die kapitalistiese  
Verenigde Party gaan bied het. Maar  
in ieder geval hierdie aanbod het die  
leier van die party, mnr. Walter  
Madeley, darem 'n lekker vet kabi-  
netspos besorg.

## DIE HANS KAPITALIS

Vir 'n hele paar jaar dus het die  
Arbeidersparty en sy leier — 'n hans  
kapitalis — aan die krip gestaan.

As Minister van Arbeid het die leier  
van die Arbeidersparty oënskynlik 'n  
baie gepaste portefeulje gekry. Baie  
gepas.

Tot dusver kon die eentalige, maar  
geweldig praterige, mnr. Madeley die  
werkers „hanteer”. Hy kon hulle  
ryerig aan die werk hou, paai en sy  
kapitalistiese vriende vrywaar teen  
lastige eise van hulle kant.

Maar soos die regering se planloos-  
heid en sy onmag om in die volk se  
noodsaaklike behoeftes te voorsien en  
om lone in verhouding met die stygen-  
de lewenskoste te waarborg, vir die  
werkers waarneembaar en voelbaar  
geword het, het mnr. Madeley sy taak  
al moeiliker begin vind.

Hy kan die mede-verantwoordelik-  
heid vir die regering se flaters nie  
ontduik nie en hy deel hartlik in die  
onmin waarmee die regering vandag  
deur 'n elk en 'n ieder beleën word.

## DIE GRETIGE HANDLANGER

Na 'n bewind van nagenoeg ses  
jaar, elke jaar waarvan deur misluk-  
king in klimmende graad gekenmerk  
is, begin 'n ontugterde volk die ge-  
daante van die regering meer en  
meer as 'n onheilssding raaksien.

Aan hierdie oordeel kan die Arbei-  
dersparty en mnr. Madeley nie ont-  
snap nie. Hulle was een van die gre-  
tigste handlangers van hierdie mis-  
lukte regering.

Gelet op die bui van die volk en  
gedagtig aan die toekomst, lyk die  
krip van die kapitalistiese Verenigde  
Party vandag vir die Arbeidersparty  
nie meer so'n lekker bak nie.

Daarom dat, volgens die Party-  
blaadje — *Burnside's Weekly* —  
op die eersvolgende kongres van  
die party spesifiek aangedring sal  
word op 'n breuk met die Ver-  
enigde Party — 'n breuk wat  
selfs die neerlegging van mnr.  
Madeley se kabinetspos sal ver-  
eise!

Daar is 'n ander groep in die  
Party, geel deur die blad  
*Forward*, wat nie wil hoor daar-  
van dat mnr. Madeley sy pos moet  
ontnuim nie. Hulle wil met die  
kapitaliste saamwerk tot die oor-  
log oor is. Dan wil hulle breek  
met die Verenigde Party, al die  
verantwoordelikheid van die mis-  
lukte oorlogsbewind op die  
skouers van hul eertydse bondge-  
noot plaas — en, soos 'n onskul-  
dige bloedjie, gaan vry na die  
steun van die teruggekeerde sol-  
date!

Die afgevaardigdes na die kongres,  
wat lewers in Januarie gehou sal  
word, sal glo gevra word om tussen  
hierdie twee rigtings te kies.

## GEHAWEND

Wat die kongres ookal mag besluit,  
mens kry die indruk dat die Arbei-  
dersparty maar taamlik gehawend  
daarvan sal afkom.


In die eerste instansie kan die  
party met sy leier in die kabinet  
nie mede-verantwoordelikheid met  
die regering ontduik nie.

Tweedens om die regering nou  
in die steek te laat en teen te  
staan, sal by baie mense die be-  
skuldiging van verraad uitlok. Dit  
lyk maar bra snaaks om 'n man  
te karnuffel oor 'n saak wat hulle  
saam verbou het.

Derdens, om die bondgenoot-  
skap met die regering te behou,  
en om terselfdertyd 'n dolk in jou  
hand vas te klem, vir gebruik op  
die dag van die breuk, klink ook  
maar goedkoop.

Nee, die Arbeidersparty het sy  
roeping verraa! En daarvoor sal hy  
moet betaal — met sy eie verdwyning.

DIE REPUBLIKEINSE JEUG OP MARS.



Die Boerejeug in aantog, by geleentheid van die K.G. se besoek aan Potchefstroom, verlede jaar.

KRAAK DIE RUSSIESE FRONT?  
VERLOOR STALIN SY HOUVAS?

Gedurende Aprilmaand van verlede jaar kon die Amerikaanse pers 'n smaaklike stukkie nuus aan hulle lesers voorleë: Victor Kravchenko, hoof van die Metallurgiese Afdeling van die Sowjetse Aankoopkommissie in die V.S.A. het weggebreek van sy regering en het die kommunisme geheel-en-al gerepudieer.

So ver ons weet het SAPA-Reuter karige besonderhede hiervan na Suid-Afrika deurgestuur. En tog. Dis beslis 'n uiters belangrike gebeurtenis en dit noop tot nadenke.

M. Kravchenko word beskryf as 'n Ingenieur van beroep. Hy was voorheen hoof-ingenieur van 'n metaal-trust in Moskou, en was lid van die Raad van Kommissarisse van die Russiese Sowjet-Republiek, in sy hoedanigheid as hoof van die Ingenieurs-departement van Bewapening. Later is hy na Amerika gestuur as hoof van 'n uiters belangrike afdeling van die Sowjetse Aankoopkommissie.

Hy was dus beslis 'n man van aansien in Sowjet-Rusland. En tog het hy gebreek met Stalin.

Volgens artikels in Amerikaanse tydskrifte wat onlangs in S.A. aangekom het, is M. Kravchenko oënskynlik heeltemal bereid om die wêreld op openhartige wyse in te lig oor die stap wat hy gedoen het. En sy onthullings oor die Rusland van vandag, die Rusland van Josef Stalin — ons bondgenoot — is sorgbarend en skrikwekkend.

SAAL OP DIE GODSDIENS!

Ons segsman verklaar dat op 'n byeenkoms van organiseerders van die Kommunistiese Party, waar die nuwe godsdiensbeleid van Rusland bespreek is — en waarop hy aanwesig was — vertel is, dat toe 'n kommunistiese offisier sy afdeling in 'n geveg wou lei met die woorde: „Vir Stalin! Vir die Sosjalistiese Vaderland!” het sy manne gehuiwer en gewankel. Toe het hulle self uitgeroep: „Vir God en Vaderland!” en die vyand dapper bestorm.

Hierdie verhaal het die hoofspreekers op die byeenkoms aangegryp as 'n bewys dat Stalin reg was om sy godsdiensbeleid te verander. Waarom, het hy gevra, sal die godsdienssin van die Russiese volk nie ingespan word om die Sowjet te red nie? En waarom, het hy voortgegaan, sal die grond nie verwyder word onder die voete van diegene, in die lande van ons bondgenote, wat die kommunisme aanval weens sy godloërnary nie?

Die Bolsjewistiese sinisme wat op hierdie byeenkoms geopenbaar is, laat 'n mens weer opnuut verbluf staan. Wat betekenisvol is, is dat uit voorgaande blyk dat die Russe veg — nie vir internasionale kommunisme nie, maar vir die vaderland; dat nie Stalin of Lenin hul inspirasie is nie, maar, soos van ouds, God die Almagtige. Oënskynlik is die hart van Rusland nog gesond, en is dit daarom dat Stalin hom net met 'n bloedige diktatuur kan handhaaf!

KETTINGS VIR DIE WERKER

M. Kravchenko verklaar dat daar in die hele Sowjet-Rusland, met 'n bevolking van meer as 175 miljoen mense, voor die oorlog, nie 100,000 mense was, wat 'n inkomste gehad het, gelyk aan, of meer as die inkomste van die gemiddelde werksman in die V.S.A. nie. En dan was hierdie 100,000 nog almal burokrate, d.i. die amptenare van die Sowjet-bewind.

In Sowjet-Rusland, verklaar M. Kravchenko, mag die werkers nie agiteer vir hoër lone nie. Hulle moet eenvoudig die loonskale aanvaar soos dit vasgestel word deur die regering.

As 'n werker in Rusland net maar 21 minute laat by sy werksplek aankom is hy onderhewig aan opsluiting in 'n tronk of dwangarbeid.

Soos M. Kravchenko die arbeidstoestande skets, lyk Rusland vir ons bramin na 'n werkersparadys — en tog is dit die woord waarmee Rusland, deur die kommunistiese propaganda, ook in ons land, gekenskets word.

STERF VAN HONGER

Die kosposisie in Rusland beskryf M. Kravchenko as uiters haglik. Erger kan dit nie wees nie. Hy vertel dat hy op 'n dag verlede jaar, daartoe gedryf deur die honger, 'n goeie pak kleren van hom gaan verkoop het vir 890 roebels. Daarmee het hy vir hom kos gekoop, genoeg vir omtrent een maaltyd! Dit het bestaan uit drie

bossies radyse, twee bossies ertappels, 'n haring, 'n flessie room, 'n bottel melk, tien suikerklonte, 'n sny witbrood, 'n kardoessie bessies en 'n pakkie sigarette. En 890 roebels is die maandloon van 'n gewone werksman in Sowjet-Rusland, sê M. Kravchenko. Geen wonder nie dat hy vertel van mense wat hy sien omkantel en sterf het van honger in die strate van Moskou.

Dit is waarlik tragies om te dink dat hierdie ondervoede en verhongerde mense, volgens M. Kravchenko, aangedryf word op die plase en die fabriek, tot dooduitputtende inspanning met 'n belofte van 'n bietjie voedsel. Hy verklaar dat dit ongelooflik is, hoe hard 'n honger man sal werk om 'n bietjie kos te kry! Maar vir ons klink dit ongelooflik dat 'n bewind so duiwels kan wees, om mense so te dryf!

As 'n man soos M. Kravchenko — Amerikaanse sensor ten spyte — al hierdie onthullings omtrent Rusland geopenbaar het, dan wonder 'n mens wat hy alles sou gesê het in die afwesigheid van die Amerikaanse sensor. (Ons het maar 'n paar voorbeelde uit sy geskrifte aangehaal). En as 'n man van sy status met Stalin breek, dan wonder 'n mens of dit 'n alleenstaande episode is, en of dit 'n aanduiding is van 'n kraak in die Russiese front. As die toestand van die Russiese volk is, soos hierdie man, wat dit behoort te weet, dit voorgeschilder het, dan wonder 'n mens of Stalin op die lang duur sy diktatoriale houvas op die Russiese massas sal kan handhaaf.



Brosjures wat O.B.-Rigting Vertolk.  
AANBOD AAN KOMMANDO'S

Op bestellings van 10 of meer van die volgende uitgawes wat die O.B.-rigting vertolk, word aan kommando's 'n korting van 15 persent toegestaan.

- Die Stryd van die Afrikanerwerker (Dr. P. J. Meyer) .. 2/6 elk
- Die Oplossing van die Naturellevraagstuk in Suid-Afrika (Drs. Van Eden, Coertse en Language) .. 1/6 „
- Die Vooraand van ons Vrywording (Dr. P. J. Meyer) .... 1/- „
- Demokrasie of Volkstaat? (Dr. P. J. Meyer) ..... 9d. „
- Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat (Dr. P. J. Meyer) ..... 9d. „

Bestel van Amptelike Verspreiders:

PUBLICITE' HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK, Posbus 4892 — Spoorbondkasgebou 507 — JOHANNESBURG.

BENODIG. — DISTRIKSAGENTE.

APPLIKASIES word ingewag van bevoegde persone om ons in die verskillende distrikte te verteenwoordig. Meld ouderdom, ondervinding, of applikant 'n motor, telefoon en/of kantoor tot beskikking het. Bale belonend, en goeie vooruitsigte vir die rechte persoon. Aansoek, vergesel van afskrifte van getuigskrifte, moet onderstaande nie later as 22 Januarie bereik nie.

DIE BESTUURDER, S.-A. KOPERS EENHEID (EDMS.) BPK., Posbus 870, Johannesburg.

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.  
Fabrikante van  
Kelder- en Besproeiings-  
masjinerie.

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

ONDERSTEUN !!!  
Poskantoor Haarkappers-  
Gerkstraat 173 - - - - - PRETORIA  
vir  
DAMES en MANS  
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WAL

Laat die Erwe van die Vaders,  
vir die Kinders Erwe bly:

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

HUURGELD IS BLOEDGELD

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

Wesrand Eiendoms Verkoopings  
(Edms.) Beperk

Posbus 46, Foon 62-1764.  
M A R A I S B U R G

MEUBELS  
FRISE STYLG VINNIG.

KOOP NOU !

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT  
MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars  
(Eiendoms.) Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.  
Posbus 210. Foon 2-6806.

BOERE

KOOP U VOER DIREK  
VAN DIE BOERENDE  
BOER!

LUSERN en HAWER dwars-  
deur die jaar teen heersende  
pryse — direk van die pro-  
dusent. Bespaar onnodige  
hanteerkoste en spekulasi-  
gelde.

Raadpleeg:

GERT SMIT, Pos Tadcaster.

DIE O.B., WOENSDAG, 10 JAN. 1945.

## EENHEID.

Die smaad van sy verdeeldheid lê swaar op die Afrikanerdom, en die wonings van ons volk, waaruit versugtings om eenheid na Bo opstyg, is seker talryk.

Maar dit is goed, en baie noodsaaklik om te onthou dat God reeds eenmaal aan hierdie geslag van die Afrikanerdom volmaakte eenheid gegee het — op Monumentkoppie tot selfs na 4 September 1939.

Die aard van hierdie eenheid het die Volksvader Kestell soos volg gekenskets:

„Die ossewa verkondig dat ons een IS. Daarom is my boodskap dat ons Afrikaners aan onself kans moet gee om meer en meer bewus te word van ons eenheid as volk.

„Onmoontlik is dit dat ons almal eners kan dink. Maar ons moet begryp dat nasieskap dieper, oneindig dieper, lê as die vraagstukke wat ons besig hou”.

Ons WAS een, toe die historiese eenheid, sowel as die eenheid van bloed en lot, tussen die Afrikanergeslag van 1838 en die Afrikanergeslag van 1938 tot ons deurgedring het.

Dus, op die grondslag van ons nasieskap WAS ons een.

Maar die Britse parlementêre stelsel, waarbinne ons volk vandag amptelik mag beweeg, bied geen ruimte vir die organisatoriese vormgewing aan hierdie eenheid op grondslag van nasieskap nie.

Inteendeel, hierdie stelsel vereis dat die volk hom moet verdeel in minstens twee nydig-bakleiende politieke partye — regering en opposisie. Vir 'n Volksbeweging, om die hele, onverdeelde volk in al sy aktiwiteite te verteenwoordig, het hierdie stelsel eenvoudig geen plek nie.

Daarom dat die volk vir hom 'n wapen begin smee het buite-kan die Empire om, teneinde sy nasieskap te kan uitleef.

En hierdie wapen was die Volksbeweging, die O.B., heeltemal nie-amptelik wat die Britse Empire betref, ongebonde deur Britse instellings of stelsels of wat ookal — vry om die volk te verenig en na sy republikeinse bestemming te lei.

Maar, helaas, baie kon die amptelike — die vleespotte — verbonde aan die bestaande Britse stelsel in ons land nie los nie; om, tog — al moet dit dan maar net vir die duur van die oorlog wees — aan die krip te staan as Sy Majesteit se Regering of Opposisie, was vir baie te lekker om vir 'n ideaal prys te gee.

Om nie-amptelik vir die Britse Empire te wees, bring mens mos vandag niks in die sak nie! As mens heul met die Empire deur vrywillig 'n noodsaaklike deel van sy stelsel te wees, sorg mens tog minstens, nie alleen vir die salarisse van Senatore, L.V.'s en L.P.R.'s nie, maar ook vir vry treinkaartjies, ekstra petrolrantsoene, papier vir 'n nuwe koerant, en les bes, veiligheid teen internering!

En so het party-politiek weer sy kop begin uitsteek en het die party-politici die volk begin verdeel, uitgaande van die natuurlike meningsverskil by mense oor verskillende vraagstukke.

En vandag IS ons volk verdeel.

Ons het eenheid gehad op die grondslag van ons nasieskap — ons het dit opgeoffer aan die party-politiek — ons kan dit terugvind langs die weg van die Volksbeweging.

## Hoe Lank Nog?

Downingstraat 10, Londen, Engeland, het aangekondig dat 'n bykomende 250,000 man in die eersvolgende maande in Brittanje opgeroep sal word ten einde om soldate beskikbaar te stel vir die vuurlinie.

In sy Nuwejaarsboodskap het veldmaarskalk Smuts gesê:

„Die oorlog het reeds tot verby ons ergste verwagtings aangehou en sleep nog voort as die laaste groot doodsangs van die mensdom”.

In die dagbladpers het 'n berig verskyn dat 'n groot tekort aan Amerikaanse goedere in die nabye toekoms verwag kan word, en dat Suid-Afrika bes moontlik weer tevrede sal moet wees met Argentynse goedere.

Uit New-York word berig dat Von Rundstedt se teenoffensief die aard van die amptelike en finansiële houding teenoor die Amerikaanse oorlogspoging gewysig het en alle besprekings van na-oorlogse beplanning die kop ingeslaan het.

Adolf Hitler het in sy Nuwejaarsdagorder aan die Weermag o.a. gesê: „Tot dusver het ons die poging van ons vyande om ons te verwoeg met welslae weerstaan. In die sesde jaar sal ons ook die vyandelike aanvalle afweer en ons sal hulle uiteindelik deur ons teenaanvalle magtelooos maak”.

## VOUEKAMP OP KROONSTAD

Genle. C. Meyer, Gebiedshoofvrou van die Vrystaat, maak bekend dat 'n Vrouekamp gehou sal word op Kroonstad, vanaf 13 tot 16 Februarie. Die doel is om voorligting te verskaf in verband met vroue-werksaamhede, en veral insake vroue-volksorg.

Prof. dr. G. Cronjé, Lid van die Groot Raad, en hoof van die Ossewabrandwag se Volksorg-afdeling, sal die kamp bywoon en die nodige leiding verskaf.

Op Donderdag, 15 Februarie, sal die Kommandant-Generaal, dr. Van Rensburg, die A.K.G., en die Gebiedsleier 'n besoek aan die kamp bring, by welke geleentheid hulle ook die vroue sal toespreek.

Voorligtingshoof, dr. Piet Meyer, sal op 16 Februarie in die kamp wees om lesings aan die vroue te gee.

Alle korrespondensie in verband met die kamp moet direk gestuur word aan genle. Meyer, Erasmusstraat, Warrenton.

'n Reisiger op die trein sit in gesprek met 'n inwoner van een van die Karoo-dorpe. „Ja meneer”, sê laasgenoemde, „in ons dorp het net Joodse winkels gestaan totdat daardie ding daar gekom het wat hulle noem die O.B., en vandag is die Jode-winkels gesluit”.

## HOOFGENL. CHRISTIAAN MOCKE OORLEDE

Dit is met diepe leedwese dat DIE O.B. die dood van Hoofgeneraal Christiaan Pieter Dawid Mocke, moet aankondig. Wyle Hoofgenl. Mocke was lid van die Grootraad van die Ossewabrandwag en tewens lid van die Sosiaal-Ekonomiese Beplanningsraad van die beweging. Met sy heengaan het die Afrikanervolk een van sy gedugte vegters verloor.

Gedurende die nag van die eerste Januarie is Johan Mocke, 'n broer van wyle Genl. Mocke, skielik oorlede. Die nag van die tweede was wyle Genl. Mocke op pad van sy broer se plaas af na Beaufort Wes, waar die begrafnis die volgende dag sou plaasvind. Ongeveer half-twaalf die nag, moeg en uitgeput, het hy kort dskant die spoorlyn agter die stuurwiel aan die slaap geraak. Bygevolg het hy met sy motor voor 'n trein ingery, en die slagoffer geword van 'n noodlottige ongeluk. Om tienuur, die aand van die vierde Januarie, is hy oorlede.

Wyle Genl. Mocke is Saterdag, 6 Januarie, op Beaufort Wes begrawe. Vriende en belangstellendes van so ver as Mosselbaai in die suide, Loxton en Fraserburg in die weste en noorde, het gekom om die laaste eer te bewys aan die grootste seun wat Beaufort Wes geken het.

Groot soos sy vriendekring in die lewe was, net so groot was ook die skare wat gekom het om Chris Mocke na sy laaste rusplek te vergesel.

Die Karoo met al sy politieke skakeringe het gekom om die laaste eer te bewys aan die reus van Beaufort Wes. Almal het gekom, rykes en armes, vriende en hulle ook wat hom so fel beveg het in die politieke stryd.

Wyle genl. Mocke was 'n vooruitstrewende boer op sy plaas Doringfontein in die distrik van Beaufort Wes. Hy het sy volk gedien as Hoofgeneraal van die Ossewabrandwag, Grootraadslid en lid van die Sosiaal-Ekonomiese Beplanningsraad van die Volksbeweging. Daarbenewens het hy ook in kleiner kring leiding geneem. Hy was onder-voorsitter van die Karoo Landbou-unie sowel as van die Karoo Amateur Boeresportbond. Maar veral ken Beaufort Wes die oorledene as iemand wat menige vriend finansiël gehelp en op die been gebring het.

Kranse is o.a. ontvang van die Kommandant-Generaal, dr. Van Rensburg.

burg, die Adjunk-K.G., genl. Smith, die Gebiedsleier, dr. Van Zyl; van die Hoofkwartiere van die Gebied, Hoofgeneraalskap en die Generaalskap; van familiebetrekkings; van tallo vriende en van sakehul.

Die diens is waargeneem deur ds. Wessels. Hy het met die skare gepraat na aanleiding van die woorde van Dawid tot Abner: 'N REUS IS ISRAEL ONTVAL.

Ons innigste meegevoel gaan uit na die weduwee en naasbestandes van die oorledene.

### KRANSIES OP 'N VRIEND SE GRAF

„Deur die heengaan van Christiaan Mocke het ons beweging, en daarmee ook ons volk, 'n gevoelige slag gely. Om die bresse te vul is ons plig en dit sal geskied. Maar wat nie as vanselsprekende stap kan geld nie, is die vulling van die leemte, veroorsaak in baie harte, deur die ontvalling van 'n troue en minsame vriend.

„Ons treur oor sy heengaan en ons betuig ons innige deelneming met sy eggenote”.

Hans van Rensburg.

„Hoofgenl. Christiaan Mocke was 'n ywerige, flukse en flinke offisier — trou tot die dood. Ons sal hom altyd mis. Sy dood is 'n harde slag vir ons organisasie, 'n geweldige skok vir my”.

J. A. Smith.

„Met die dood van Hoofgenl. Mocke verloor Gebied A een van sy getrouste offisiere en die Ossewabrandwag 'n voorman met helder insig en groot deursettingsvermoë. Sy plek as opregte vriend en raadgewer, as Hoofgeneraal en lid van die Grootraad sal moeilik aangevul kan word.

Die Ossewabrandwag was bevoorreg om hom onder sy gelede te kan tel. Mag sy vroeë heengaan ons as spoorlag dien om sy groot werk met soveel meer ywer voort te sit noudat hy daar nie meer is nie.

„Aan sy agterblywende gade ons opregte meegevoel”.

F. D. du T. van Zyl.

### GESONDE GEESDRIF VIR O.B. IN NOORD-WESTE

Mnr. N. G. S. van der Walt, Redakteur van Die O.B., het so pas 'n baie geslaagde toer in die Noord-Weste afgesluit. Hy het tussen 2 en 10 Desember elf vergaderings gehou en ongeveer 'n duisend mense is bereik. Baie O.B.-lede kon, weens die groot afstande en besige tye, ongelukkig nie die vergaderings bywoon nie. Op alle plekke, egter, het mnr. Van der Walt groter gehore gehad as party-sprekers, wat daar vergaderings kon hou het.

Die volgende plekke is besoek: Upington, Keimoes, Strausburg, Kanonelland, Grootdrink, Wegdraai, Groblershoop, Brandboom, Rhenosterkop, Marchand en Kakamas.

Op byna al die vergaderings was ook nie-lede teenwoordig en ellike van hulle het of in die vergadering of onmiddellik daarna meer inligting gegee en waardering uitgespreek vir die rigting van die O.B., soos die spreker dit uiteengesit het.

Mnr. Van der Walt het in sy toesprake baie hard geslaan teen die party-stelsel en die verdelingsbegin-

sel waarop dit rus met voorbeelde uit die politiek van vandag verduidelik. Die party-politieke stelsel, het hy gesê, verdeel die volk in twee oorlogvoerende groepe, en eis van jou om in jou volksgenoot 'n vyand te sien. Daarom dat die party-politici deur die party-stelsel gedwing word om die volk te verdeel en teen mekaar in die harras te jaag.

Maar juis omdat dit so is, moet die volk die O.B. — die eenheidsbeweging — kies en die party-politieke stelsel verwerp, het mnr. Van der Walt betoog.

### DIE KEUSE

Aan die eenkant diegene wat die idee huldig van 'n organiese volk, verteenwoordig deur sy volksbeweging, wat die hele volk saambind en al sy aktiwiteite ko-ordineer.

Aan die ander kant diegene wat die demokratiese idee huldig van 'n kieserskorps, verteenwoordig deur botsende politieke partye, elkeen waarvan andersdenkendes swart-smeer en probeer uitoorlê.

Die pad na eenheid lê oop. Dis vir die volk om dit te bewandel.

# Die Teruggekeerde Soldaat

## Sy Stryd Begin Nou Eers

Die regering het alreeds 'n begin gemaak met demobilisasie. Die soldaat wat sy dienstrydperk in die leër klaargemaak het moet hom nou wend na die binnelandse probleme. In hierdie verband wil ek aan soldate die gees en die rigting probeer aantoon wat ekself in die Ossewabrandwag gevind het. Ek stel dit aan julle vir wat dit werd mag wees — vir my persoonlik is dit nogal heelwat werd.

### NOU BEGIN DIE STRYD

Die soldaat het vir redes wat hy self die beste weet hom vir diens in die leër aangemeld. Diens wat hy op die slagveld, meen ek, met lof gelewer het. Ek eer hom vir sy manmoedigheid, al deel ek moontlik nie al sy beweegredes nie. Maar aan daardie soldaat wil ek sê:

Jou stryd is nie met wapenstilstand beëindig nie. Die stryd om die burgerlike bestaan in jou vaderland wat tydens die oorlog gesmeul het, gaan net na vrede hoog brand. Daar kan soldate wees wat dink dat hulle oorlog verby is sodra hulle hul uniform uitgegetrek het, en wat dit nou aan ander wil oorlaat om die stryd vir brood voort te sit. Maar sulke soldate moet beseft dat juis daardie kryg wat hulle so pas op die slagveld gevoer het, en die wyse waarop hulle hulle van hul taak gekwyd het, hulle toegerus het om met soveel meer krag en deursettingsvermoë die politieke wapen op te neem in belang van bestaansveiligheid in hul vaderland.

### DIE SOSIALISTIESE ERA

Ons moet duidelik beseft dat dit onmoontlik is om terug te gaan na die vooroorlogse ordening. Ons kan nie die klok terug sit nie. Die sosialistiese era lê voor. Enige land wat dink hy kan in die toekoms onder die ou kapitalistiese of demokratiese stelsels

Die soldaat kan demokratiese reaksie probeer as hy dit verkies bo die kontra-revolusie, maar ons sien wat reaksie in Europa meebring — net 'n vertroebeling van die stryd en groter ellende wat die grond nog meer vrugbaar vir kommunisme maak. As daar nog soldate is wat twyfel of hulle enige ander keuse het as dié wat hierbo uiteengesit is, kan hulle gerus die verwikkelinge in die lande waar die Nasionaal-sosialisme uitgedryf is, goed dophou.

### DIE SOWJET VAN AFRIKA

Nou staan die soldaat voor die keuse, saam gaan met die kommunisme kan geen regdenkende blanke oolt doen nie. Kommunisme in Suid-Afrika beteken die ondergaan van ons blanke ras omdat die proletariaat in ons land die Bantu is met sy klein klompie gekleurde broers. Vir ons beteken kommunisme 'n Sowjet van Afrika, waarin die naturel en jood die leidende rol sal speel!

### DIE OSSEWABRANDWAG

Die Volksbeweging, die Ossewabrandwag, wat gewys het dat hy by sy kamerade staan en sy vyande respekteer, gaan daardie kontra-revolusie in ons land teweegbring. Hy gaan dit doen met alle middele tot sy beskikking — direkte of indirekte aksie. Hy kan dit doen omdat hy, anders as 'n

'n Soldaat wat 'n tuiste gevind het in die Ossewabrandwag, het meegaande oproep aan soldate aan ons gestuur met die versoek dat dit in Die O.B. gepubliseer sal word.

bestaan, gaan tevergeefs verset bied teen die onvermydelike.

Die stryd sal gaan tussen die twee vorms van sosialisme, nl. volkse sosialisme of die anti-volkse sosialisme van die kommunisme, wat geen kleur, ras of godsdienste erken nie. Die teruggekeerde soldaat sal ook sy keuse tussen die twee moet doen — en hy sal ook moet veg vir die kant wat hy gekies het.

### DEMOKRATIESE REAKSIE

Ek glo nie dat kommunisme met demokratiese of kapitalistiese reaksie gestuit kan word nie. Sodanige reaksie kan alleen op sy beste die kommunistiese rewolusie uitstel — afstel nooit! Vir die eenvoudige rede dat dit opdam-taktiek is, vroeër of later breek die wal en dan is die vloed soveel sterker. As die revolusie van die kommunisme nie deur reaksie gekeer kan word nie, dan bly daar net nog een middel oor, en daardie middel is die kontra-revolusie.

### DIE KONTRA-REVOLUSIE

Deur kontra-revolusie bedoel ek 'n algehele maatskaplike omwenteling en die herinrigting van die volk se hele lewe volgens die sosialistiese diensmotief. Ek bedoel nie dat alle stabiliserende ankers losgeruk moet word nie. Ek wil nie die bande van kerk, familie en besittings vernietig nie, ook nie die internasionalisme, ateïsme en materialisme van die kommunis aanvaar nie. Ek wil 'n volkstaat hê, daargestel deur 'n eensgesinde en gedissiplineerde volk, met mag om alle onhele van die volk af te wend en met genoeg sosialisme om die volk in sy bestaan te bevellig en te beskerm.

politieke party, 'n beweging is wat harmonieer met aksie. Die Ossewabrandwag is in die eerste instansie op militêre lees geskoei, nl. die kommando-stelsel. In hierdie stelsel sien hy die waarborg om hom as gedissiplineerde eenheid op enige terrein te kan handhaaf, teen wie en watter vyand ookal.

Myns insiens is dit nie by toeval dat aan die spits van die Ossewabrandwag 'n offisier staan wat — indien hy aangesluit het — by die uitbreek van die oorlog seer sekerlik een van die eerste brigade-bevelvoerders sou gewees het om ons Suid-Afrikaanse soldate die slagveld in te lei. Hy is 'n leier wat self 'n soldaat is, en die soldaat se lewensbeskouing deel.

In die Ossewabrandwag kan enige soldaat sy tuiste vind, mits hy eens is met die organisasie se strewe. Hy sal vind dat die O.B. die soldate verstaan en dat dit 'n besieling is om saam met „die soldate van die Republiek te marsjeer”. Daarom is dit dat etlike gewese soldate van die Staande mag, asook etlike voltydse vrywilligers hulle kragte by die beweging ingewerp het. In hierdie organisasie voel ons tuis, en ons dink dat ons hier die beste diens aan ons volk kan lewer.

### VERDEEL EN BUIT UIT

Ons vyande weet baie goed dat as die teruggekeerde soldaat en die Ossewabrandwag mekaar die hand gee, dan is dit klaarptraat met die joodse geldmag in die land. Dit sal laagse- noemde se strewe wees om dié twee groepe teen mekaar in die harnas te ja.

Almal het deesdae die mond vol


van bestaansveiligheid, maar in 'n kapitalistiese staat kan dit nooit meer as 'n „opium-droom” wees nie. Hoe kan kapitalisme veiligheid waarborg teen sy eie, d.i. die kapitalisme se uitbuiting van die volk? Jakkals span nie draad om sy eie lê-plek nie. Bestaansveiligheid en werk vir almal kan alleen in 'n sosialistiese staat verkry word.

### SOLDATE-ORGANISASIES


Ons hoor baie van soldate-organisasies, maar elkeen weet dat 'n soldate-organisasie nooit meer kan wees as 'n blote sosiale klub nie. Enige poging om die teruggekeerde soldaat in 'n sulwer soldate-organisasie te bind, misluk, vir die eenvoudige rede dat die faktore wat hom juis in die verlede gebind het, nou afwesig is. Ons bedoel die uniform, die dissipline en die kameradskap, almal faktore wat soldate in tye van gevaar saamsweis. Aangesien dit dan die geval is, raai ek elke soldaat aan om aan te tree in die geleedere van die Volksbeweging, die Ossewabrandwag.

Hierdie beweging wortel in ons volkslewe en is verspreid oor die hele Suidelike Afrika van die Zambesi tot aan die Kaap. Die Ossewabrandwag skuld geen enkele party, geldmag of Jood 'n duit nie. Die beweging is vry om sy lotsbestemming uit te werk. Hy hoef vir niemand asseblief en vir niemand dankie te sê nie.

Dit is die klas beweging hierdie, waaraan — so voel ek — elke soldaat moet behoort!



**NEEM TOE IN  
POPULARITEIT**



**IN 'N VERANDERENDE WERELD**

**Kommando**  
-SIGARETTE

**ROND OF OVAAL**

**WAARDE VIR GELD**

BH 227

## Uitnodiging aan Skrywers

# Afrikaanse Pers-Boekhandel

kondig aan sy

**GROOTSTE ONDERNEMING**

en bied aan die bedrag van

**£200**

toegeken te word vir die beste

**Godsdienstige Roman**

en dan gepubliseer te word teen 15%.

**DIE UITNODIGING IS OOP VIR ALMAL.**

**ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE:**

- (1) Die roman moet 'n **AFRIKAANSE KLEUR** dra met een van Christus se **GELYKENISSE** as **KERNGEDAGTE**.
- (2) Die lengte van die mss. moet sowat 75,000 woorde wees.
- (3) Elke ms. moet op slegs eenkant van die papier getik wees (dubbel spasie).
- (4) Sluitingsdatum 31/12/45.
- (5) Die uitgewers behou die reg voor om alle verdienstelike mss. — die bekroonde in- kluis — uit te gee teen 'n Outeursaandeel van 15%.
- (6) Stuur u insendings gemerk „**GODSDIEN- STIGE ROMAN**” aan:

# Afrikaanse Pers-Boekhandel

Posbus 845

Telefoon: 33:8669

Lovedaystraat 75,

**JOHANNESBURG**

Geklassifiseerde Advertensies

**VERLOWING**

**FRITZ — KRUGER:** Hiermee wens ons twee, Anna, dogter van mnr. en mevr. F. Kruger, en Johannes (Hans), seun van mnr. en mevr. G. P. Fritz, albei van Heidelberg, Transvaal, bekend te maak dat ons op Kersdag verloof geraak het.

**SCHWARTZ — JOOSTE:** Die verlowing word hiermee bekend gemaak van Anna, oudste dogter van mnr. en mevr. A. C. Jooste, Rookkop, Loxton, en Danie, oudste seun van mnr. en mevr. D. F. G. Schwartz, van Claremont, Kaap.

**DUNNE — COMBRINCK:** Hiermee wens ons, Antoinette (Sus) Combrinck van Schagen en Attie Dunne van Lydenburg tans in die Interneringskamp, Koffiefontein, aan familie, vriende(inne) en nommers bekend te maak dat ons die 21ste Desember verloof is.

**OOSTHUIZEN — JOUBERT:** Die verlowing van Anna, dogter van mnr. en mevr. C. W. Joubert, Rhoestaart, Bellville, en Henrie, seun van mnr. en mevr. A. J. Oosthuizen, Droogkloof, Prins Albert, word bekend gemaak.

**GEBOORTE**

**MADER.** — Op 28 November 1944, ontvang van die Heer 'n welgeskape broertjie vir Ria en Isabella. Die dankbare ouers L. en P. Mader.

**IN MEMORIAM**

**CRONJE.** — Noot kan ons vergeet 4 Jan. 1944, toe Bernard, ons lieflied so onverwags van ons moed skiel.

Sy treurende Pappie, Mammie, Boetie en Sussie. Rondebos, Heilbron.

**DANKBETUIGING**

**MARAIS.** — Brandwag Sarel Marais, Uitkyk, Kom. A9c1, wens hiermee alle Brandwagte, en vriende, baie innig te bedank vir hul so gewaardeerde bydraes tot bystand in sy onlangse ongeluk waardeur hy baie skade gely het.

**NUWEJAARSWENS**

Asst./Veldkt. E. M. Pretorius, Bloemfontein, wens die hele Ossewabrandwag van die Kommandant-Generaal tot jongste Brandwag asook ons voortvlugende seun en makker en geïntereerde en gevangene met hulle families 'n gesonde n voorspoedige nuwe jaar toe. Mag God ons lei tot oorwinning.

**HUIS GEVRA:**

**DRINGEND** benodig deur Brandwag, Huis of Woonstel op Stellenbosch. Tree in verbinding met of rig briewe aan: Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch. Foon 154.

**PERSONOOLIK**

**BRADERS EN GOLWE.** — 'n Biografie van wyle Skalk Willem Jacobus v. d. Merwe gedurende die Anglo-Boere Oorlog. Gemengde verhaale wat u in spanning hou van begin tot eind. Net van die pers. Prys 2/- posvry. Boekwinkels spesiale prys. Bestel van die skrywer. I. J. v. d. Merwe, Bus 23, Prieska.

**BAMBIAN-ATELJEE.** — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotografe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. Barbiëangebou, Presidentstraat, Teemoor Stad-aal Johannesburg. Foon 33-6756.

**DAMES en Here Haarkapper.** Permanente naargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Merkstraat 93, Potchefstroom. Foon 336.

**ONDERSTEUN** 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: H. Baasom, Mask-agentekap, Breestraat 100, Newton.

**ONDERSTEUN** 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruidensiersware, oetwars en alle ander benodigdhede. Carolinestraat 96, Brixton. Foon 35-1879.

**ONMOONTLIK?** Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf na ons en verstrekk volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. The Scientific Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.

**POPULERE RESTAURANT;** Langstraat 164, Kaapstad, foon 2-1995. Smaaklike etes en gesellige atmosfeer. Ontvangate en opale diens vir 32 mense kan gereël word. Sondae ook oop.

**BETREKKING VAKANT**

**BENODIG.** — 'n Jong Afrikaner vir algemene hulp gedurende parlyd. Moet vragmotor goed kan bestuur. Bestuursdiplomsensie 'n verelste. Salaries 17 per maand met vrye inwoning. Moet Februarie begin.

Doen aansoek by D. C. Haasbroek, Vrede, Lynedoch.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Bepers, Kamer 793, Groote Kerkgebou, Addertystaat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

DIE JINGO, DIE O EN DIE B

Mnr. G. J. van der Merwe, van Fort Victoria, Rhodesië, skryf soos volg aan die redakteur van Die O.B.:

Ek weet nie of u vir onderstaande 'n rubriek in u blad het nie, maar aangesien dit die posisie so raak en presies stel, wil ek dit aan u stuur.

'n Kandidaat in eksamenantwoord op die vraag i.v.m. insekteplae in Rhodesië skryf:

**VERNAAMSTE PLAE:** Die Britse Jingo, die muskiet en die mier, maar die grootste hiervan is die Britse Jingo.

**BESTRYDING:** In Europa tot kort gelede bestry met Nazisme. Die nuutste spuitmiddels daar is Amerikaanse imperialisme en Kommunisme. Laasgenoemde blyk besonder dodelik en sal waarskynlik die na-oorlogse spuitmiddel wees. In Suid-Afrika is die beste teëg. i. net twee lettertjies: O en B. In Rhodesië is die teëg. i. nog net in oornamiese kringe bekend.

**JUKSKEI-FUNKSIE**

By geleentheid van die maandelikse juksekeifunksie ten behoeve van die Noodhulpfonds het Asst.-Veldkt. H. Welbach, Dendron, die mooi bedrag van £6-15-8 ingesamel.

**TE KOOP GEVRA**

100 verse en jong koeie om, om die helfte mee te boer. Ongeewende weiding en eertlikheid gewaarborg. D. P. Coetzee, P.K. Zonckes, Winterton, Ntl.

**TE KOOP**

**BESOEK** of skryf aan ons vir huis- of kantoormeubels. (Meld wat u nodig het). Gratis verpakking en spoortrag. Springbok-Meubels, Victoriaweg 171, Woodstock.

**DEKRIET.** — Beroemde Albertinia en Riversdal dekriet, 15/6 per 100 bos. V.O.S. Albertinia. Bestel dadelik by: J. S. Badenhorst, Posbus 3, Albertinia.

**D.K.W.** Motorfiets, 3 perdekrag, werkende orde, ligte en toeter elektris. Twee uitlaatype, battery nuut herbou. Prys £50. Besoekende by Haarhoff, Uitkomst, Graaff-Reinet.

**MOOI** gesonde King of Early, Up-to-date en Arran Chief Aartappelmoere, 33/6 per sak; tafel Aartappels, 25/-, Petrusburg-Stasie. Kontant met bestelling. D. J. de Kock, Uitkyk, Petrusburg.

**ONS** bied aan Gesifte Karoomis teen 38/6 per ton; Rums teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutlek teen geisiek en haarwurm, teen £1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 50% afslag op spoortrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1336. Foon 2-0194.

**O!** BEETSAAD — Dit is Eclipse Beetsaad, Detroit tipe en Egiptiese platbeet saad, 12/- per pond. Chantabay wortelsaad, 12/- per pond.

**BESTE** Australiese Bruin-ule-saad, 7/- per pond. Koel en Bronskomkommer saad, 17/- per pond. Alle saad gesertifiseer. Posvry en K.M.B. — J. J. SMIES, Premier Saadkweker, Rus-en-Vrede, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS.** — Terrazzo, Kombuis- en handwasbakke, badens, septeense tenke, piare, vloertels, voertroe. Enigets in beton. Direkteure: P. W. en F. G. van Heerden, Potchefstroom 258, Pretoria.

**WYNE**

**GELLING** Muskadel-keur £2-12-6; Anker £3-17-6. 5 gelling Root of Wit Muskadel-keurig of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Root Soet Muskadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hook, Soet Sjerrie of Half-soet Muskadel £1-15-6; anker £2-11-0 Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn geewer Bonneviale-stasie. Vaatjies moet terug gestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede Wynmakery, Posbus 6, Bonneviale, K.F.

**PLUIMVEE**

Die Beste Firma om u PLUIMVEE. KIEK en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.** (Edms.) Bepers MOREMARK (Posbus 7188) NEWTON

**BOLAND BOTTELSTOOR**

HOOFSTRAAT 73

**PAARL**

Foon 984.

STRYD TEEN DIE KAPITALISME

Opkoms van Afrikaner-Sosialisme

„Ons volk het in 'n korte vyftig jaar oorgeslaan van 'n oorwegend landelike bevolking na 'n ewe oorwegend stedelike bevolking. Vyftig jaar gelede was een blanke uit drie in die stad en twee op die plaas. Vandag is meer dan twee-derdes in die stad en minder as een-derde op die plaas. Maar, en dit is die crux, ons volk het nie net oorwegend van woonplek verander nie; ons het ook oorwegend van status verander. Daardie trekkers na die stede het gegaan om werk te soek. Waar die Voortrekkers getrek het om base te bly, het hierdie trekkers noodgedwonge getrek om base te soek. 'n Oornamse van baasskap na knegskap”.

Met hierdie woorde het die K.G., dr. Hans van Rensburg, voor die Studente-Werkers Kongres van die A.N.S., wat in Julie 1944 op Johannesburg gehou is, die sosialistiese trek in ons volkslewe geskets.

In sy boekie — Die Stryd van die Afrikaner-werker — wy dr. F. J. Meyer soos volg uit oor die intensivering van die volksrewe deur die ineenvlegting van die nuwere sosialistiese gedagte met die ouere nasionalistiese:

**DIE KAPITALISME**

'n Bykomende rede vir die groeiende vyandigheid by die Afrikaner teen die Kapitalisme is die feit dat hy onder daardie stelsel wat vreemd van buite in sy keel afgedruk is, feitlik sonder uitsondering die waterdraer en houthakker in sy eie vaderland geword het terwyl die vreemdeling met die vettighede van die land heengaan. Terwyl die godmyne van ons land alleen reeds meer as £2,000 miljoen aan goud opgelewer het, is volgens 'n gesaghebbende amptenaar van die Departement van Volkswelsyn ongeveer 800,000 van die blanke bevolking van ons land hongerlydend, en die oorgrote meerderheid van hierdie hongerlydendes is Afrikaners! In die afgelope belastingjaar was daar vir belastingdoeleindes meer as 100 persone met 'n jaarlikse inkomste van meer as £20,000 — in totaal was hul inkomste meer as £3 miljoen — en meer as 1,300 met inkomste wat £5,500 per jaar oorskry het, terwyl in dieselfde land Afrikanerdogters vir 'n loon van selfs minder as £50 per jaar in fabriek moet swoeg. Johannesburg met 'n belashare eiendom van om en by £150,000,000, het agterbuurtes waar byna 5,000 gesinne in die ontsettendste armoede woon. Die groot geboue en besigheidsplekke in die stad behoort met enkele uitsonderings nie aan Afrikaners nie, maar die 5,000 armoedige gesinne is feitlik sonder uitsondering Afrikanergesinne wat nog 'n tydjie gelede 'n eie stukkie grond op die platteland besit het.

**IDEE VAN HOEDERSKAP**

Die positiewe gevolg van die genoemde ontwikkeling was dat die stedelike Afrikaner die Kapitalisme as iets wat beveg moet word, begin ervaar het. Die sosialistiese invloed wat op hom ingewerk het, het hom ook langamerhand onder die indruk gebring dat die Kapitalisme nie noodwendig iets blywend van aard is nie, maar iets wat verander kan word. Hy was egter nog tevrede om hierdie veranderings tot hervormings binne die stelsel self te beperk. 'n Sterker en dieper grondslag waarop hy die kapitalistiese stelsel as iets wat in wese verkeerd is, ervaar het, was sy eie Christelik-sosiale beginsels, beginsels wat die kern van sy eie tradisie gevorm het. Op grond van hierdie beginsels het hy die kapitalistiese leerstelling van elkeen vir homself en die duiwel vir almal as iets uit die bese beskou en daarteenoor, hoewel meestal vaag, aangevoel dat hierdie stelsel vervang moet word deur 'n orde waarin die een die hoeder, die wagter, van die ander moet wees.

**DIE ONTWIKKELING**

In die Eufesjaar, 1938, het die Afrikanerdom op die platteland sowel as in die stede van sy eie nasionale en sosiale verknegting en magtelooheid diep en pynlik bewus geword. Hoewel dit nie in soveel woorde uitgedruk is nie, het dit vir die Afrikanerdom in hierdie pynligende bewussyn duidelik geword dat die nasionale partypolitieke vegmetode van

die verlede hom wel in uiterlik-wetlike sin, beide binne die imperialisties-staatskundige en kapitalistiese-ekonomiese raamwerk, meer elmsboogruimte besorg het maar dat dit hom nitemin nasionaal verdeeld, en daarom magteloo, en sosiaal verarm, en daarom magteloo, gelaat het. Hoewel nie bewus nie, het die Afrikanerdom in die stede en op die platteland in hierdie jaar diep-intuïtief aangevoel dat die enigste uitweg uit die knellende toestande van geestelike verwarring en stoflike armoede is om ra 'n nuwe vegmetode, d'e beproefde vegmetode van die verlede, die kommando, te gryp. Uit hierdie diep-intuïtiewe bewussyn is die burgers- en werkerskommando's onder die naam „Die Ossewa-Brandwag” gebore.

**DIE NUWE EENHEID**

Hierdie nuwe kommando-organisasie van die Afrikanerdom het hom met die uitbreek van die oorlog kragdadig teen die nuwe imperialistiese en kapitalistiese aanslag op die aparte nasionale en sosiale bestemming van die volk verset. Hierdie verset is gaandeweg duideliker gevestig op die innerlike eenheidsrigting van Afrikaner-nasionalisme en Afrikaner-sosialisme. Die Afrikaner-nasionalisme en Afrikaner-sosialisme is in die kommando-organisasie nie lams mekaar as 'n twee-eenheid nie, maar as 'n onskeibare eenheid van die volle volkskrag, volksstewe en volksrigting beliggaam. Hoewel die nadruk aan die begin van die oorlog op die nasionale aspek en later weer meer op die sosiale aspek van die kommando geval het, was dit slegs 'n beklemtoning wat nie deur 'n inwendige parallisme nie maar deur die aktuele vereistes in die praktiese ontwikkeling van die stryd veroorsaak is.

**VERJAARDACKETTING**

10. Jan.: Petrus Ellis, George; Helene Geldenhuys, Parow; Marquerita van Aardt, Somers-Oos; Elsie Unger, Kirkwood; Daniel E. de Villiers, Laingsburg; Louis J. B. Cronje, G. Brakrivier; Barend P. J. Nortje, Roodolokamp.

11. Jan.: Erica Klue, George; Yvonne L. Nel, Beaufort-Wes; Elizabeth du Toit, Wilgenhoutsdrift; Ena Koen, Mosselbaai; Dawid Mostert, Paarl; Maria Olivier, Bellville; E. Anderson, Bellville; Johannes A. B. Grobler, Pietersburg; Martinus Deyzel, Lemberg; Pieter Deyzel, Lemberg; Sarel Botha, Kaya-seput.

12. Jan.: Lukas Theron, George; Pieter Swanepoel, Beaufort-Wes; Johanna Smit, Malmesbury; Nellie Lombard, Bedford; Hennie Jordaan, N. Paarl; Arthur Pieterse, Terviel; Carl du Plessis, Maitland; Pierre Botha, Franschhoek; Hendrik Yonck, Groot Brakrivier; Dawid van Niekerk, Potchefstroom; Willem Roux, Marnagieskraal.

13. Jan.: Erin Lombard, Malmesbury; Robertina McLaren, Kirkwood; Josephine Vivier, Beaufort-Wes; Isla Schreie, Uniondale; Die-drik v. d. Merwe, Matrooster; Alida Bodenstein, Zeerust; Jan Venter, Marnagieskraal; Martinus v. d. Berg, Bethlehem.

14. Jan.: Renale Pienaar, George; Annalie Malan, Eugenoot; Petronella Boshoff, Wilgenhoutsdrift; Walter Rohland, Loxton; Olet-to Willems, Marnagieskraal; Johannes Kooze, Rourieburg; Philippus Janse v. Kensburg, Clocolan.

15. Jan.: Ellis Weasels, Merweville; Conrad Solms, Merweville; Muriel de Villiers, Brandwag; Maria Theron, Fraserburg; Gawe Burger, Potchefstroom; Susanna Linde-que, Marnagieskraal; Hester Roets, Koster; Elizabeth v. Niekerk, Ficksburg.

16. Jan.: Petronella Fouche, Port Elizabeth; Alida Eksteen, Franschhoek; Pieter Eksteen, Franschhoek; Susanna Vermeulen, Marchand; Petrus Coetzee, Carnarvon; Gert v. Niekerk, Kakamas; Susie Botha, Witloek.

17. Jan.: Fredrick Havenga, Port Eliza-beth; Johan Erasmus, Merweville; Fanie Jordaan, Sutherland; Catharina Bekker, Kirkwood; Anna Kruger, Groblershoop; Lukas v. Vuuren, Port Elizabeth; Martha Retief, Paarl; Salome Coetzee, Elandsfontein; C. C. van Rensburg, Louis Nator, Oudtshoorn; Martinus Dreyer, Middelveld; Steranis Jasse van Rensburg, Clocolan; Dawid Kotze, Bloemfontein.